1. Ons Missie

Om vanuit 'n Christelike geloof vaste beginsels en waardes aan u kosbaarste besittings, u kinders oor te dra. Hier gaan die kinders in 'n huislike, warm atmosfeer kan speel en ontdek.

2. Ons Visie

Ons beywer ons tot die ontwikkeling van selfstandige denke, sosialisering en probleemoplossing, deur middel van vordering teen eie tempo, ontwikkeling van eie potensiaal en identifisering van probleemareas.

3. Diensure

Maandag tot Vrydag: **06:30 - 17:30**

U kan slegs vanaf 06:30 by die kodehek inkom.

4. Parkeerterrein

INGANGSHEK: Meyerstraat

UITGANGSHEK: Chris Hougaardtstraat

Slegs met skoolvakansies en soms laatmiddae, kan die Meyerstraathek moontlik gesluit wees, weens praktiese- en veiligheidsredes.

5. Boeteheffing

R50.00 per vyf minute, of 'n gedeelte daarvan, wat u laat is. Dit word **dadelik** aan die personeellede aan diens betaal en in die "Laatkomboekie" aangeteken. Gewoonlik is die personeel wat toesluit, reeds vanaf 06:30 aan diens en hulle het in die namiddae ook private afsprake of verpligtinge om na te kom. Ons vra asb. u samewerking in die verband.

6. Vakansie

Wierie Woekerland is oop gedurende skoolvakansies, maar sluit gedurende alle openbare en "spesiale" skool vakansiedae. U word jaarliks betyds ingelig rondom die sluiting- en openings datums. Ons poog egter om die personeel ten minste 'n drie/vier weke vakansie tydens Desember/Januarie te gee.

7. Kalenderblad:

Babas, peuters en kleuters ontvang elke maand 'n kalender blaadjie per "Whatsapp"/e-pos/ webtuiste waarop punte van belang vir die betrokke maand aangedui word.

8. Toestemming

Ouer/s gee toestemming dat enige personeellid u kind na die naaste mediese-praktisyn kan neem en dat die kind mediese behandeling op die onkoste van die ouer mag ontvang, indien die ouer nie telefonies gekontak kan word nie.

Neem asb kennis dat indien u kind deur 'n ander persoon afgehaal word, moét u as ouer die betrokke personeellid in kennis stel en die besonderhede deurgee wie u kind kom afhaal. Geen kind sal saam met iemand anders huistoe gaan indien dit nie vooraf gereël is nie.

9. Gesondheid

Geen medikasie word by die skool deur personeel toegedien nie. Verwys na gesondheid brief gedateer Oktober 2019.

Indien u kind afwesig is, moet die kleuterskool dadelik ingelig word. (Beplanning rondom kos)

U kind moet egter nie skool toe kom met oog infeksies of aansteeklike siektes nie. Kinders met kopluise kan ook nie die skool bywoon nie. Ons vra asb. u samewerking in die verband.